higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2

(11011042)

12 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

108Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Besoeker van ’n land wat minstens een nag in ’n akkommodasie-onderneming in ’n ander land oorbly.

A Binnelandse toeris
B Besoeker
C Uitgaande toeris
D Internasionale toeris

1.1.2 Hierdie tipe lugredery kan vir spesiale funksies gehuur word:

A lugredery sonder tierlantyntjies
B kommersiële lugredery
C huurlugredery
D vraglugredery

1.1.3 Besienswaardighede wat vyfster-akkommodasie en -geriewe bied:

A Plaaslike ervaring
B Vermaak
C Geskiedkundige besienswaardigheid
D Luukse ervaring

1.1.4 Hierdie canyon is die derde grootste in die wêreld:

A Grand Canyon
B Blyderiviercanyon
C Augrabiescanyon
D Sterkfonteincanyon

1.1.5 Hierdie departement is verantwoordelik vir die ontwikkeling en bevordering van toerisme op ’n nasionale vlak:

A TGOOO (‘THETA’)
B DOT
C SAKO
D TGRSA

1.1.6 Die Groot Vyf bestaan uit die …

A buffel, luiperd, leeu, jagluiperd, olifant.
B leeu, luiperd, renoster, olifant, buffel.
C olifant, sebra, renoster, leeu, buffel.
D buffel, sebra, leeu, kameelperd, luiperd.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Die amptelike departement wat goedere en bagasie hanteer wat die land binnekom:

A Doeane
B Ambassade
C Konsulaat
D Polisie

1.1.8 'n Spesifieke groep mense waarop 'n onderneming sy aandag toespits, staan bekend as die ...

A toeriste.
B versadiging.
C teikenmark.
D departement.

1.1.9 Die akroniem SAOG staan vir ...

A Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsentrum.
B Suid-Afrikaanse Ontwikkelende Gemeenskap
C Suider-Afrikaanse Ontwikkelingskongres.
D Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap.

1.1.10 'n Voorbeeld van 'n ondersteuningsdiens in die private sektor:

A Lughawens
B Streekstoerismeorganisasie
C Versekeringsmakelaars
D Departement van Binnelandse Sake

(10 × 1) **[10]**

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Koördineer die kleiner motorverhuringsmaatskappye	A	IBLO
1.2.2	Verbeter en bevorder bemarking van konferensies in Suid-Afrika	B	BLO
1.2.3	Verantwoordelik vir uitreiking van internasionale bestuurspermitte	C	GHASA
1.2.4	Verteenwoordig lede wat akkommodasie van hoë gehalte en waarde vir geld bied	D	SATSA
1.2.5	Handhaaf standaarde van die toeroperateursbedryf	E	ICRA
		F	ASATA
		G	SAVKB (SAACI)
		H	AA

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Noem VYF nadele wat toerisme vir die omgewing inhou. (5)

1.4 Gee VYF redes waarom mense reis. (5)
[30]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae:



[Vertaal uit: *https://www.buffelsdrift.com*]

2.1.1 Identifiseer die loopbaangeleentheid wat geadverteer word. (1)

2.1.2 Watter kwalifikasie word vir hierdie pos benodig? (2)

2.1.3 Noem DRIE bronne waarin werksgeleenthede gewoonlik geadverteer word. (3 × 1) (3)

2.1.4 Identifiseer die bron waarin hierdie advertensie geplaas is. (2)

2.1.5 Voordat jy vir 'n werk in die toerismebedryf aansoek doen, moet jy weet dat jy sal kan inpas.

Identifiseer VIER vereistes waaraan jy moet voldoen om 'n suksesvolle kandidaat vir hierdie pos te wees. (4 × 1) (4)

2.2 Daar is verskillende rolspelers in die toerismebedryf, sowel nasionaal as provinsiaal.

2.2.1 Sou jy SA Toerisme as 'n nasionale of provinsiale rolspeler klassifiseer? (2)

2.2.2 Gee DRIE funksies van SA Toerisme. (3)

2.3 Een van jou medestudente stel belang in 'n loopbaan as toergids.

Verduidelik vir hom die verskil tussen 'n *terreingids*, 'n *streeksgids* en 'n *nasionale gids*. (3 × 2) (6)

2.4 Gee die volle naam van die volgende toerismeverenigings:

2.4.1 TGOOO ('THETA')

2.4.2 ASATA

(2 × 1) (2)

2.5 Adviseer 'n medestudent oor VYF maatskaplike voordele van toerisme in jou plaaslike provinsie. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Klassifiseer die volgende besienswaardighede as natuurlik, mensgemaak of sosiaal-kultureel.

3.1.1 Voortrekkermuseum

3.1.2 Golden Gate Hoogland Nasionale Park

3.1.3 Groot Gat

3.1.4 Namakwaland

3.1.5 Lesedi-kultuurdorp

(5 × 2) (10)

3.2 Jy werk by Rainbow Tours and Travel en doen die volgende bespreking vir mnr Moloi:

SAA-vlugte: Kaapstad ─ Durban ─ Kaapstad
Akkommodasie: 3 nagte by die vierster- Blue Waters Hotel
Daguitstappies deur Travel & Tour World na plaaslike besienswaardighede

3.2.1 Noem die DRIE sektore in die toerismebedryf. (3)

3.2.2 Identifiseer die DRIE sektore uit die scenario. (3)

3.3 Stel die geskikste besienswaardigheid uit die lys hier onder vir die volgende toeriste voor. Skryf slegs jou antwoord langs die vraagnommer (3.3.1─3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Victoriameer; Jamia- moskee; Nelspruit (Mbombela); Qunu; Gold Reef City; Juma-moskee; Sibayameer; Matjiesfontein

3.3.1 Toeriste van Duitsland wat meer oor mnr Nelson Mandela wil uitvind.

3.3.2 'n Groep bejaardes wil die dorpie in die Sentraal-Karoo besoek wat 'n nasionale monument is en sy Victoriaanse prag ten toon stel.

3.3.3 'n Groep toeriste wat die natuur geniet, wil Suid-Afrika se grootste natuurlike varswatermeer besoek.

3.3.4 'n Groep Moslemtoeriste wat Durban besoek, wil die grootste moskee in die Suidelike Halfrond sien.

3.3.5 'n Paartjie wil iets van die goudstormloop-era beleef.

(5 × 2) (10)

3.4 Noem VIER bronne wat jy kan gebruik om inligting oor besienswaardighede te vind. (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *erfenis*. (2)

4.2 Gee die volle naam van die organisasie wat plekke tot Wêrelderfenisterreine verklaar. (1)

4.3 Noem VIER Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (4)

4.4 Definieer die konsep van *volhoubare toerisme.* (2)

4.5 Bespreek DRIE sleutelfaktore van verantwoordelike toerisme volgens die Witskrif oor Toerisme. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.6 Bestudeer die organogram van die Blue Waters Hotel en beantwoord die vrae:



4.6.1 Identifiseer DRIE funksionele gebiede van Blue Waters Hotel. (3)

4.6.2 Adviseer die eienaar van die hotel oor VYF aspekte wat sy hotel negatief kan beïnvloed. (5)

4.6.3 Verduidelik die belangrikheid van kommunikasie onder die verskillende afdelings van die Blue Waters Hotel. (3 × 1) (3)

4.6.4 Stel VIER dokumente aan die eienaar voor wat hulle vir interne kommunikasie kan gebruik. (4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bespreek die VYF stadiums in ’n produk se lewensiklus. (5 × 2) (10)

5.2 Klassifiseer die volgende steundienste as private of openbare steundienste:

5.2.1 OR Tambo Internasionale Lughawe

5.2.2 TBOO-kolleges

5.2.3 RAM Couriers

(3 × 2) (6)

5.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.3.1	Avontuurtoerisme	A	Reis na terreine soos konsentrasiekampe
5.3.2	Donker toerisme	B	Reis vir minder as 24 uur na interessante plekke
5.3.3	Sporttoerisme	C	Verken die wêreld deur middel van die internet
5.3.4	Verkenner	D	Reis in klein groepe om witwaterry te beoefen
5.3.5	Dagtoeris	E	Reis om die EPL-sokkereindstryd te sien
		F	Reis om mediese redes
		G	Reis na ongewone plekke, soos Antarktika

(5 × 1) (5)

5.4 Stel VYF maniere voor om toeriste se ervaring te verbeter. (5 × 1) (5)

5.5 Noem VIER nadelige maatskaplike gevolge van toerisme. (4)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou